higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SA EN STREEKSREISE
NKR VLAK 3

(11011063)

19 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en ’n addendum.

280Q1N2419

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA EN STREEKSREISE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die oseaan langs die weskus van Namibië is die …

A Indiese Oseaan
B Stille Oseaan
C Atlantiese Oseaan
D Arktiese Oseaan

1.1.2 Kokerboomwoud word in hierdie land aangetref:

A Kenia
B Mosambiek
C Zimbabwe
D Namibië

1.1.3 Hierdie soutpanne is die grootste in die wêreld:

A Okavango
B Makgadikgadi
C Kasane
D Tsavo

1.1.4 Die is ’n spirituele plek van die San-mense en ’n wêrelderfenisterrein:

A Visriviercanyon
B Etosha Nasionale Park
C Tsodilo-heuwels
D Die eiland Zanzibar

1.1.5 ’n Groep van SES klein eilande langs die suidelike kus van Mosambiek:

A Seychelle-argipel
B Bazaruto-argipel
C Réunion-eiland
D Stone Town

1.1.6 Hierdie nasionale park is beroemd vir sy jaarlikse migrasie van diere, veral wildebees.

A Krugerwildtuin
B Serengeti Nasionale Park
C Hwange Nasionale Park
D Chobe Nasionale Park

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Maputo-olifantpark word in hierdie land aangetref:

A Mosambiek
B Angola
C Zambië
D Botswana

1.1.8 Hierdie nasionale park is beroemd vir sy uitsig op Berg Kilimandjaro:

A Tsavo
B Masai Mara
C Amboseli
D Kgalagadi

1.1.9 Hierdie rivier vorm ’n grens tussen Zambië en Zimbabwe:

A Nylrivier
B Zambezirivier
C Oranjerivier
D Vaalrivier

1.1.10 Watter EEN van hierdie Indiese Oseaan-eilande is bekend as die tuiste van die lemuraap?

A Seychelle
B Madagaskar
C Zanzibar
D Mauritius

(10 × 1

1.2 Onderskei tussen die volgende bestemmings se kenmerke of landskappe deur ’n kort beskrywing van elk te gee.

1.2.1 Woestyn

1.2.2 Moeras

1.2.3 Grootwild

1.2.4 Kuslyn

1.2.5 Indiese Oseaan-eiland

(5 × 1) (5)

1.3 Gee 'n voorbeeld van 'n land waar die volgende landskappe of bestemmings aangetref word:

1.3.1 Woestyn

1.3.2 Moeras

1.3.3 Grootwild

1.3.4 Kuslyn

1.3.5 Indiese Oseaan-eiland

(5 × 1) (5)

1.4 Identifiseer die naam van die besienswaardigheid en die land waarin dit aangetref word deur na die beskrywing in die onderstaande tabel te verwys. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

BESKRYWING	NAAM VAN BESIENSWAARDIGHEID	LAND WAARIN DIT AANGETREF WORD
Dit is die hoogste berg in Afrika.	1.4.1	1.4.2
Die is die tweede grootste canyon in die wêreld en die grootste in Afrika.	1.4.3	1.4.4
Dit is die oudste woestyn in die wêreld.	1.4.5	1.4.6
Dit is die grootste binnelandse deltastelsel.	1.4.7	1.4.8
Dit is een van die wêreld se grootste watervalle en is in Afrika geleë.	1.4.9	1.4.10

(10 × 1) (10)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die voorkoms van onwettige handel en finansiële misdrywe beklemtoon die dringendheid van beter beheermaatreëls en streeksamewerking.



Dit lyk asof georganiseerde misdaad in die SAOG vererger. Poreuse grense, swak bestuur en ontwikkelingstekorte maak die streek weerloos vir dwelmhandel, wapensmokkelary, mense- en natuurlewehandel, en finansiële misdrywe.

[Aangepas en vertaal uit: *issafrica.org/iss-today/southern-africas-security-hinges-on-actioning-its-organised-crime-strategy*]

2.1.1 Skryf die afkorting SAOG volledig uit. (1 × 2) (2)

2.1.2 Stel VYF veiligheidswenke vir toeriste voor wat staptogte onderneem terwyl hulle Suid-Afrika besoek. (5)

2.1.3 Verduidelik VYF maniere waarop hoë misdaadvlakke die Suid-Afrikaanse toerismebedryf kan benadeel. (5)

2.2 Lees die toeris se resensie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Padtoestande is uiters swak.

Toeriste het onlangs van 'n toer na die Serengeti Nasionale Park, waartydens hulle self bestuur het, teruggeker. Dit is wat hulle te sê gehad het: "Die paaie is uiters sleg, vol eindelose slaggate, dit is gevaarlik en dra swaar verkeer. Die pad na Serengeti is hobbelrig, wat dit moeilik maak om vinnig te ry, en uiters stowwerig. Jy bestuur baie stadig, ongeveer 30 tot 35 km per uur."

[Aangepas en vertaal uit: *www.tripadvisor.com/ShowTopic-g293747-i9226-k7676620-Road_conditions*]

2.2.1 Op grond van die terugvoering hier bo, adviseer toeriste oor VYF dinge wat hulle in gedagte moet hou wanneer hulle na 'n nuwe bestemming, soos die Serengeti Nasionale Park, op pad is. (5)

2.2.2 Op grond van die bostaande resensie, sou jy toeriste aanraai om self na die Serengeti Nasionale Park te ry? Staaf jou antwoord. (3)

2.2.3 Beveel 'n geskikte tipe vervoer aan vir toeriste wat self na die Serengeti wil ry. (1 × 2) (2)

2.2.4 Verduidelik enige TWEE moontlike onvoorsiene omstandighede tydens 'n reis wat 'n verandering in planne of reisprogram kan meebring. (4)

2.3 Noem die amptelike geldeenheid wat in elk van die volgende lande gebruik word:

2.3.1 Tanzanië

2.3.2 Zambië

2.3.3 Mosambiek

2.3.4 Kenia

(4 × 1) (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n bestemming uit KOLOM B om by die beskrywing van 'n geleentheid in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Macufe-fees	A	Kaapstad
3.1.2	Randse Skou	B	Durban
3.1.3	Nedbank-gholfuitdaging	C	Namakwaland
3.1.4	Oesterfees	D	Ficksburg
3.1.5	Walvisfees	E	Oudtshoorn
3.1.6	Twee Oseane-marathon	F	Johannesburg
3.1.7	Vodacom July	G	Hermanus
3.1.8	Kersiefees	H	Bloemfontein
3.1.9	Lenteblomme	I	Knysna
3.1.10	Volstruisfees	J	Sun City

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

3.2 Noem VYF behoeftes wat aandag moet kry om die volle deelname van verskillende belanghebbendes in volhoubare toerismeondernemings te verseker. (5 × 1) (5)

3.3 Verwys na die advertensie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Noordelike toer: Port Louis, Caudan, Sitadel, Botaniese Tuin



Ontdek die skoonheid en kultuur van die eiland se noordelike streek met ons agtuurtoerdiens. Ons toer neem jou na enkele van die gewildste toeristeattraksies in die gebied, insluitend Caudan-waterfront, Port Louis se plaaslike mark, kasteel, en sir Seewoosagur Ramgoolam se botaniese tuin.

[Aangepas en vertaal uit: *www.getyourguide.com/grand-baie-l2072/north-tour-port-louis-caudan-citadelle-botanical-garden-t514009/*]

3.3.1 Na watter Indiese Oseaan-eiland word in die bostaande advertensie verwys? (1 × 2) (2)

3.3.2 Beveel DRIE tipes watersportaktiwiteite aan wat toeriste kan beoefen terwyl hulle hierdie eilandbestemming besoek. (3)

3.3.3 Stel TWEE tipes toeriste voor wat waarskynlik die eiland sal besoek. (2)

3.3.4 Stel VIER inligtingsbronne voor wat toeriste kan gebruik om hulself vir hul besoek aan die eiland voor te berei. (4)

3.3.5 Watter tipe inligting sal die toeriste in elk van die bronne aantref wat in VRAAG 3.3.4 genoem word? (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Lees die toeris se klagte hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

MY TOER NA MAROKKO 'N RAMP!

Ek het so pas teruggekeer van die private Vyfdagtoer in Marokko. Die hele toer was 'n ramp. Hotelbesprekings is wanbestuur, daaglikse begin- en eindtye van ritte verkeerd bereken. Gevolglik het ons nooit by die meeste van die hoogtepunte van die toer uitgekom nie. Daar was geen gedetailleerde beplanning oor stilhouplekke, blaaskanse, middagete of aandete nie en die ergste van alles, geen besigtiging en geen stilhouplekke vir foto's neem nie. Ons het nie by die "Groot Moskee" ingegaan nie omdat nie-Moslems nie toegelaat word om die binnekant te besoek nie. Hulle het ons nie na sommige van die besienswaardighede geneem nie omdat hulle die reisplan verander het sonder om ons vooraf in te lig.

[Aangepas en vertaal uit: *www.tripadvisor.com/ShowUserReviews-g293734-d6378935-r629666891-Great_Travel_Morocco-Marrakech_Marrakech*]

4.1.1 Op grond van die scenario, dink jy die toer is goed beplan? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

4.1.2 Stel VYF belangrike aspekte voor wat die toergids in gedagte moet hou wanneer 'n reisprogram opgestel word. (5)

4.1.3 Verduidelik enige VIER stappe wat die reisagent behoort te doen om weens onvoorsiene omstandighede alternatiewe besprekings en kansellasies vir toeriste te reël. (4)

4.2 Lees die uittreksel hier onder oor Robbeneiland en beantwoord die vrae wat daarop volg:



Robbeneiland is op verskillende tye tussen die 17de en 20ste eeu onderskeidelik as ’n tronk, ’n hospitaal vir sosiaal onaanvaarbare groepe en ’n militêre basis gebruik. Sy geboue, veral dié van die laat 20ste eeu, soos die maksimumsekuriteitgevangenis vir politieke gevangenes, getuig van die triomf van demokrasie en vryheid oor verdrukking en rassisme. Robbeneiland en sy tronkgeboue simboliseer die triomf van die menslike gees, vryheid en demokrasie oor verdrukking. Die oorblyfsels op die eiland weerspieël die geskiedenis daarvan sedert die 17de eeu asook al die kenmerke wat die waarde daarvan uitbeeld.

[Foto: *wikipedia.org*] [Aangepas en vertaal uit: *https://whc.unesco.org/en/list/916/#:~:text=Criterion%20(vi)%3ARobben%20Island*]

4.2.1 In watter provinsie is die bogenoemde UNESCO-terrein geleë? (1)

4.2.2 Dink jy die terrein verdien dit om as ’n UNESCO-terrein geakkrediteer te word? Staaf jou antwoord. (3)

4.2.3 Watter voordele hou dit in dat hierdie terrein tot ’n UNESCO-terrein verklaar is? Noem TWEE voordele. (2 × 2) (4)

4.3 Gee ’n verduideliking en voorbeeld van elk van die volgende tipes erfenis:

4.3.1 Tasbare erfenis

4.3.2 Ontasbare erfenis

(2 + 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.4 Ontleed die nasionale regering se verantwoordelikheid teenoor volhoubare toerisme deur die DRIE rolle te verduidelik wat hier onder gegee word:

4.4.1 Fasilitering en implementering

4.4.2 Koördinering

4.4.3 Beplanning en beleidmaking

(3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende besienswaardighede PRIVATE of OPENBARE goedere is deur slegs 'Private' of 'Openbare' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.1.1 Mall of Africa

5.1.2 Durbanse strandfront

5.1.3 Addo Nasionale Park

5.1.4 Nelson Mandelabaai-sportstadion

5.1.5 Sun City

(5 × 1) (5)

5.2 Verduidelik hoe elk van die volgende ekonomiese hulpbronne noodsaaklik vir volhoubare toerisme is:

5.2.1 Natuurlike hulpbronne

5.2.2 Arbeid

5.2.3 Kapitaal

5.2.4 Entrepreneurshulpbronne

(4 × 2) (8)

5.3 Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae:

"Toerismeprodukte is gratis goedere, wat beteken dat almal vrye toegang tot die natuurlike omgewing het."

5.3.1 Wat dink jy sal met die omgewing gebeur wanneer almal vrye toegang daartoe het? Lig TWEE gevolge uit. (2 × 2) (4)

5.3.2 Gee DRIE riglyne vir toeriste oor hoe om meer omgewingsverantwoordelik te wees. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.4 Noem enige VIER voorbeelde van afvalmateriaal wat deur toerismeondernemings geproduseer word. (4)

5.5 Gee DRIE oplossings vir toerismeondernemings wat kan help om afval wat skade aan die natuurlike omgewing berokken, te verminder. (3)

[30]

VRAAG 6

6.1 Identifiseer die nasionale tale wat in die volgende lande gepraat word:

6.1.1 Namibië

6.1.2 Botswana

6.1.3 Seychelle

6.1.4 Mosambiek

(4 × 1) (4)

6.2 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:



[Bron: *www.learnreligions.com/making-up-missed-prayers-2004511*]

6.2.1 Wat is die naam van die godsdiensgroep wat in die bostaande foto uitgebeeld word? (1)

6.2.2 Gee SES reëls wat toeriste moet nakom wanneer hulle 'n moskee besoek. (6)

6.3 Adviseer toeriste oor VIER voedselregulasies vir elk van die volgende godsdiensgroepe:

6.3.1 Moslems (4)

6.3.2 Jode (4)

6.4 Verwys na ADDENDUM A (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.4.1–6.4.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.4.1 Identifiseer die naam van die lande/eilande wat 1–7 genommer is. (7)
(7 × 1)

6.4.2 Identifiseer die naam van die hoofstede van die lande/eilande wat 7–10 genommer is. (4 × 1) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A



Kopiereg voorbehou